# IGNITE 5

## A passion for change 2019

## Moenie oordeel nie!

### Inleiding (*welcome)*

**Kyk na die volgende clip en antwoord die vrae hieronder:**
https://www.youtube.com/watch?v=n5E8gyDPs70

Hoekom oordeel ons maklik?

**Dink aan 'n paar praktiese situasies waar jy, voordat jy jouself kon kry, mense gejudge het, bv** *"Die Engelse is so..." of "Die ou ry soos sy..."*

### Agtergrond (*word a)*

As Jesus sy bediening op aarde begin is dit met die woorde*:*

***"Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom." – Matteus 4:17***

Of anders gestel:

***"Daar is 'n ander manier waarop jy kan leef wat in jou en die mense rondom jou***
***en die wêreld waarin jy leef 'n baie groter en dieper verskil gaan maak...***
***maar dit gaan van jou vra om van voor af te begin en heeltemal anders te dink en te leef."***

In die Bergpredikasie gee Jesus vir ons duidelike riglyne of beginsels waarop hierdie nuwe koninkryk gebou is. Ons ken dit. Ons lees dit baie gereeld maar ongelukkig leef ons dit nie altyd nie en juis daarom is vir ons die uitdaging om hiervolgens te begin leef.

### Skriflesing: **Lees Matteus 7:1-5** (*word b)*

- Jesus is baie duidelik hier dat ons nie mense mag oordeel nie. Watter redes gee Jesus waarom ons nie moet oordeel nie?
    - Vers 1
    - Vers 2
    - Vers 3-5

- **Een van die hoofredes** wat Jesus hier gee waarom ons nie moet oordeel nie, is omdat **ons met balke in ons eie oë rondloop**. Balke is groot onuitgesorteerde goed waarmee ons rondloop wat ons verhouding met mense direk raak. Van watter balke dink julle praat die Here hier? Watter balke is daar in ons oë? (*Hierdie is 'n baie persoonlike vraag, maar ek dink ons moet eerlik wees oor hoe ons nie konsekwent is in ons hantering van mense nie.)*

- Hoe dra die feit dat **ons soms dink ons is beter as ander mense** by daartoe dat ons ander maklik oordeel? Hoe kan **Jesus se hantering van die Fariseers** ons help om dit te verstaan? Waarom het Jesus hulle altyd so (ekstra) heavy gechallenge? En watter waarskuwing hou dit vir ons in?

- Om hierdie siklus te breek, kan ons aan die volgende aandag gee:

  - **Glo dat jy klaar vir God genoeg is**, maak nie saak wat ander mense van jou sê of dink nie. *Ons selfwaarde lê op 'n ander plek.* Hoe kan dit ons help om anders na onsself te kyk?

  - **Kyk na ander mense met dieselfe bril**, maak nie saak hoe hulle lyk en wat hulle doen nie – God is ook vir hulle lief! Hoe gaan dit maak dat jy anders kan begin oor ander?

    **Albert Einstein** said, ***"Everybody is a genius. But if you judge a fish by its ability to climb a tree, it will live its whole life believing that it is stupid."***

  - Ons oordeel maklik omdat ons nie altyd weet wat in ander se lewens aangaan nie. **Ons ken baie keer nie die volle storie nie.** Waarom is dit dan gevaalik om te oordeel?

  - Hoe kan **Lukas 6:31** vir ons help om 'n ander gesindheid te hê?

  - Niemand van ons is uitgesorteer en **perfek** nie – ons almal het foute. Hoe kan ons leer om meer genade met ander en hulle foute te hê?

- **Watter waarskuwing** is daar in vers 1 en 2 vir hoe ons mense hanteer? Wat dink julle is die implkasies daarvan vir ons elke dag?

## Ons uitdaging is: (*works*)

Ons ken hierdie gedeelte baie goed en ons sukkel om eg en eerlik te wees.

i. Wat het jy nodig om jou te help om op te hou om mense te oordeel?

ii. Wees eerlik oor waarmee jy die meeste sukkel – wat vir jou die moeilikste is.

iii. Watter belofte uit hierdie gedeelte gaan jy hierdie week aan vashou?

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.

2. Dank die Here vir sy voorbeeld en die uitdaging wat dit vir ons inhou, asook vir sy belofte dat Hy vir ons sal sorg..

3. Bid hardop die Onse Vader as groep saam (Dalk kan julle sommer die kinders se gebare gebruik om julle daarmee te help.)